ISSN 086886-5354

FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID
UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

FACULTY OF LAW
UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE

**Huldigingsbundel H.A. Wessels**
**Essays in honour of H.A. Wessels**
*Pro lege, grege et rege*
*Redaksie: A.W.G. Raath*
*J.F.G. Cilliers*
*A.J. Ellis*

Inhoud/Contents


| | | |
|---|---|---|
| Voorwoord/Preface | *Redaksie/Editors* | i |
| H.A. Wessels | *D. Morkel* | iii |
| Equity in Greek legal thought | *D.H. van Zyl* | 1 |
| *Ex praeteritis semper aliquid discendum est* | *L. Cilliers* | 17 |
| Die brief van Claudius aan die Aleksandryne, PLond 1912 | *S.J.P.K. Riekert* | 36 |
| Feit, fiksie of teologie? Die hemelse wonders in die *Historia* | *R.M. Britz* | 54 |
| Augustinus se *De Doctrina Christiana*, boek 4, as 'n skakel tussen die profane klassieke kultuur en die vroeë Christendom | *J.F.G. Cilliers* | 74 |
| Descartes as wentelpunt en vader van die revolusie: vergelykende historiese en sistematiese/strukturele beoordeling | *W.J. Richards* | 89 |
| Ongeloof en revolusie: Die vertaling, annotering en kommentariëring van hoofstuk VIII van die Van Malsen-uitgawe (1924) van Groen van Prinsterer se *Ongeloof en Revolutie* | *A.W.G. Raath*<br>*E.M. Visagie* | 134 |
| Strafreg, psigiatrie en sielkunde | *H. Oosthuizen*<br>*F.J.W. Calitz*<br>*P.H.J.J. van Rensburg*<br>*T. Verschoor* | 213 |
| Medewerkers / Contributors | | 224 |


*Gedruk deur Universiteitsdrukkery, UOVS, Bloemfontein*

# Pro Lege, Grege et Rege

## Huldigingsbundel H. A Wessels
## Essays in honour of H. A Wessels

Onder redaksie van:
A.W.G. Raath
J.F.G. Cilliers
A.J. Ellis

*Huldigingsbundel H.A. Wessels: 54-73*

*R.M. Britz*

# Feit, fiksie of teologie? Die hemelse wonders in die *Historia*

## Opsomming

In hierdie artikel word die funksie en aard van wonders in die bekende *Historia Ecclesiastica* van Beda uit die jaar 731 bespreek. Hierdie bo-natuurlike gebeure word in die literatuur daaroor gewoonlik òf as fiksie, òf as "feit", dit wil sê, 'n ander vorm van waarheid opgeneem. In 'n ontleding van die wonderwerke van die martelaar Albanus, biskop Germanus en koning Oswald in hierdie geskrif, blyk dit dat dit verband hou met die ontwikkeling van teologie in die Westerse kerk. Die beoefening van die geloof in die kloosters, én die Europese situasie in die 7de en 8ste eeue, was die belangrike faktore in die beslaggewing van hierdie teologie. Hierdie bydrae suggereer dus dat die wonders by Beda met teologiese begrip en onderskeiding beoordeel moet word.

## Fact, fiction or theology? The heavenly wonders in the *Historia*

Are the wonders in the well-known *Historia Ecclesiastica* of Bede facts, fiction or theology? Usually they are considered either as miraculous, or as a different kind of truth. An assessment of the wonders recorded by Bede in connection with the martyr Albanus, bishop Germanus and king Oswald, suggests a third and important way of understanding the *miraculi* described by Bede. This article argues that it should be seen as part of the development of the Western Church's theology against the background of the convents and the Western European situation during the 7th and 8th centuries. The miracles of the *Historia Ecclesiastica* must therefore be apprehended with theological distinction and reference.

*Prof. R.M. Britz, Dept. Ekklesiologie, U.O.V.S., Posbus 339, Bloemfontein, 9300.*



## 1. Inleidend

Die kenmerkende nederigheid waarmee professor Boelie Wessels 'n mens elke keer laat deel in sy eie verwondering oor die wyse waarop Christus en die Bybel aan ons bestaan sin gee, bring jou by iemand wat self sinvol lewe en met sy omvattende geleerdheid rigtinggewend vir soveel studente koers aangedui het. Hy is 'n hoflike geleerde wat die Romeinse reg en regsgeskiedenis ken. Daarby is hy ewe tuis in die klassieke tale, met name Latyn. Dit is dus gepas om ons kollega te vereer met 'n bydrae oor 'n Latynse teks van historiese aard met 'n onmiskenbare kerklike en Christelike duiding. In die onderhawige geval word die aandag bepaal by die *Historia Ecclesiastica Gentis Anglorum* van Beda met spesifieke verwysing na die wonders wat hierdie agste eeuse monnik uit die klooster van Jarrow so dikwels in sy kerkgeskiedenis ter sprake bring. Dit het hy nie sonder teologiese en ekklesiologiese aannames, motivering en aanwending gedoen nie. Gevolglik moet 'n beoordeling van die wonders in die *Historia Ecclesiastica* met teologiese onderskeiding en begrip, vanuit die tyd en situasie waarin dit beslag gekry het, aangelê word.

Die *teks* van die *Historia* het oor die eeue heen behoue gebly. Aan die einde van die 19de eeu (gedurende 1896) het Plummer dit tekskrities versorg en van kommentaar voorsien in sy *Baedae Historia Ecclesiastica Gentis Anglorum: Venerabilis Baedae Opera Historica*. Vandag word die teks en vertaling van Colgrave en Mynors[1] as standaardwerk aanvaar. Die historiese en tekskritiese kommentaar van Wallace-Hadrill maak *Bede's Ecclesiastical History* 'n besonder waardevolle uitgawe vir die student wat hom in Beda interesseer. In 1982 het Günter Spitzbart die teks van Colgrave en Mynors geredigeer en van 'n Duitse vertaling voorsien. Vir die doeleindes van hierdie artikel is die Latynse teks in Spitsbart gebruik.

[1] *Bede's Ecclesiastical History of the English People*, Oxford, 1969.

## 2. Beda (c.672-835), 'n monnik uit die Noordhumbriese klooster Jarrow

Dit is algemene kennis[2] dat Beda in 672 of 673 by Monkton on Tyne gebore is en op sewejarige ouderdom in die klooster van Wearmouth opgeneem is. Daar het hy monnik geword. Hy sou egter sy lewe slyt in die susterklooster Jarrow, 'n paar kilometer daarvandaan. Hier het Ceolfrith vir hom voorgegaan in die lewe van toewyding, dissipline en onderrig, wat so kenmerkend van die kloosters van sy eie tyd was.

In Jarrow, wat 'n 7de eeuse sentrum van Christelike geleerdheid en "cultural renaissance"[3] was, het Beda Latyn, Grieks en Hebreeus bemeester en was bekend met die werke van onder andere Ambrosius, Hieronimus, Augustinus en Gregorius die Grote. In hierdie Noordhumbriese klooster was hy blootgestel aan die benadering van die Ierse, Skotse en Frankiese kulture en verwerking van die Christelike evangelie. Ekklesiologies is hy hier gekonfronteer met die Keltiese en Katolieke kerklike tradisies.[4] Teologies het hy hier 'n keuse gemaak en daarby gebly: hy was Katoliek en het die interpretasie en gesag van die biskop van Rome voetstoots aanvaar en verdedig.

Toe Pous Leo XIII hom in 1899 amptelik as 'n "doctor ecclesia" erken het, was dit hoofsaaklik op grond van sy omvangryke en wydlopende skriftelike nalatenskap. Behalwe kronieke, hagiografieë, kloostergeskiedenisse, 'n historiesgeografiese verhandeling oor die Heilige Land en grammatikale studies, het hy hom ook gewy aan eksegetiese geskrifte, homilieë, didaktiese traktate en natuurlik die kerkgeskiedenis van die Engelse volk.[5] Die *Historia Ecclesiastica* is vier jaar voor sy dood voltooi. In 735 is hy in Jarrow begrawe.

Die feit dat Beda in en vanuit 'n klooster geskrywe het, moet nie buite rekening gelaat word in die bestudering van sy werk nie. In die kloosters, wys Brown[6] daarop, het die begrensing van tyd en ruimte weggeval. Daar is hemel op aarde belewe. Daar was die kloosterling in die teenwoordigheid van die kerk van alle tye: die engele was daar, die martelare was daar, die ander heiliges en hulle relikwieë was daar. Daar het "die ander" bygekom, bemiddellend opgetree

2 Douglas 1974:115-116; Grosheide & Van Itterzon 1956:498.
3 Gransden 1974:13.
4 Praamsma 1979:212.
5 Davidse 1976:2-4.
6 S.j.:4.





en gehelp om 'n verdienstelike Christelike lewe moontlik te maak. In hierdie dampkring is die Bybel en die kerkvaders (die tradisie) bestudeer en toegelig. Aan teologiese oortuigings en 'n tipiese ontsluiting van die werklikheid is beslag gegee. Toe die kloosters kerklik in belang van die samelewing by die kerstening, die katolisering en verchristeliking daarvan betrek is, is die "kloosterteologie" gepopulariseer. In hulle diens aan die kerk het die monnike die teologiese begrip van die Christelike lewe beïnvloed.[7] Beda was geen uitsondering nie. Dit staan in sy werk aangeteken.

## 3. Die *Historia Ecclesiastica* van 731

Eenduisend tweehonderd drie en sestig jaar gelede – *dominicae autem incarnationis anno DCCXXXI*[8] – het Beda sy *Historia Ecclesiastica* "met die hulp van die Here" (*Domino adiuvante digessi*)[9] saamgestel en voltooi. As "dienaar en priester van Christus van die klooster van die heilige Apostels Petrus en Paulus"[10] het Beda dit doelbewus bymekaargemaak *ex litteris antiquorum, vel ex traditione maiorum, vel ex mea ipse cognitione scire potui* ("uit die geskrifte van die mense van die antieke tyd, of uit die oorlewering van die voorvaders of wat ek uit eie ervaring geken het").[11]

Die *Historia Ecclesiastica* bestaan uit vyf boekdele. Die eerste handel oor *de situ Brittaniae vel Hiberniae et de priscis earum incolis* ("oor die ligging van Brittanje en Ierland en oor hulle vroeëre bewoners").[12] Die geskiedenis begin in die sestigste jaar voor die vleeswording van die Here (*incarnationis Dominicae*)[13] toe die eiland by die Romeinse Ryk betrek is. Dit is die verhaal van die vroegste Engelse kerk wat as 'n minderheidsgroep te midde van soveel geweld moes oorleef. Die bemoeienis van die Biskop van Rome ter wille van die leer, hiërargie en organisasie van die kerk in die werk en optrede van Augustinus vorm 'n swaartepunt van hierdie boekdeel. Dit gaan gepaard met die afwysing van die dwaalleer van die Pelagiane in Engeland, waarin biskoppe van die Katolieke Kerk 'n deurslaggewende rol gespeel het.

7 Brown s.j.:5.
8 Spitzbart 1982:536.
9 Spitzbart 1982:542.
10 Spitzbart 1982:16, 543.
11 Spitzbart 1982:542.
12 Spitzbart 1982:22.
13 Spitzbart 1982:32.

In die tweede boek bly die fokus op die ontwikkeling van die struktuur van die Britse Kerk, ten minste soos dit weerspieël word in die werk van die biskoppe wat deur Augustinus van Kantelberg aangestel is, onder andere Militus, Justus, Laurentius, Paulinus, Honorius en Johannes. Terselfdertyd kom die konings en die koninkryke van Engeland ook in die prentjie. Die volgende boekdeel behandel sowat 30 jaar se geskiedenis: van die dood van koning Edwin tot die aanstelling van Theodorus. Die beskrywing van hierdie kontemporêre geskiedenis is georiënteer aan die konings (veral Edwin en Oswald), terwyl die verhaal self episkopaals is. Hierbenewens lees 'n mens ook van die verkondiging van die evangelie onder die Pikte, die Merciërs in Wes-Sakse en Oos-Sakse en van die optrede van biskoppe soos Aidan, Ithmar, Cedd, Tuda en Chad. Die berigte oor die bou van kloosters dui op die suksesvolle Christianisering van die eiland.

In die vierde boek word baie aandag bestee aan die optrede van en kerklike ontwikkeling wat deur Theodorus vanuit sy posisie as aartsbiskop geïnisieer is. Daarin is hy deur 'n aantal biskoppe bygestaan: Winfrith, Colman, Seaxwulf, Cuthbert en Eorcenwold, om 'n paar te noem. Hierbenewens kom die evangelisering van stamgroepe en koninkryke in Brittanje en die oprigting van kloosters aan die orde. Die laaste boek bevat eintlik eietydse aantekeninge. Daarin is gegewens oor die Pikte en Skotte, die Friesse sending, pelgrimstogte na Rome, belangrike biskoppe sowel as 'n verslag oor die Sinode van Whitby en die vasstelling van die viering van die paasdatum in die Engelse Kerk.

Uiteraard het Beda sy *Historia* nie sonder motivering en subjektiewe oortuigings geskrywe nie. Hierbo is reeds gesuggereer dat ook die *Historia Ecclesiastica* gestempel moes wees deur die "teologiese omgewing" van die klooster. Beda sélf is uitgesproke daaroor dat dit sy bedoeling is om aan die hand van hierdie geskiedenis te onderrig en geestelik te stig: om aan die een kant die leser en hoorder by die aanhoor van die goeie uit die geskiedenis aan te spoor om dit na te doen, en aan die ander kant by die aanhoor van die kwade of slegte daarin, aan te vuur om dit te vermy.[14] Maar, daar steek meer as 'n didaktiese dryfveer daaragter.

Gransden[15] is reg waar hy aanvoer dat Beda

> had proposed to write a pious work for the edification of his audience, and one which would please the Anglo-Saxons by recording their achievements.

[14] Spitzbart 1982:16.
[15] 1974:17.





Dit is egter gegiet in die raam van teologiese en religieuse opvattings. Hiervan is Wallace-Hadrill oortuig:

> One could say that Bede's Church functioned at more than one level. It was at one and the same time a *signum*, a spiritual manifestation of God's business, and a *res*, a visible institution, a human instrument if not an instrument of the state.[16]

Die subtieler dieptestruktuur, wat die geskiedenis as "a record of salvation, the proof of Gods providence at work"[17] opvat, kondisioneer uiteraard die suiwer historiese gegewens. Selfs sy omgang met die bronne:

> was not moved by 'scientific' motives but by his respect for the authority of the source and the awareness that not to match account and source or to distort a document would damage the truthfulness expected of a writer on sacred subjects.[18]

Hieruit moet dit duidelik wees dat versigtig omgegaan moet word met 'n tipering van Beda as "the father of English historians".[19] Davidse[20] merk tereg op dat sy naam as historikus op kwaliteite berus wat in die moderne geskiedwetenskap gewaardeer word, te wete onpartydigheid, 'n kritiese omgaan met bronne, sowel as die vermoë om fragmentariese feite in 'n samehang en verloop te stel. Dit is die rede waarom die *Historia Ecclesiastica* in die (kerk)historiografie hoog aangeskrewe staan.[21] Sodanige taksering hou egter nie genoegsaam rekening met die teologiese vooronderstellings en aannames van die tyd waarin, sowel as met die feit dat die *Historia* in 'n klooster geskrywe is nie. Hunter Blair aksentueer die belang van die historiese konteks in *The world of Bede*, hoewel hy die teologiese oortuigings en opvattings van hierdie wêreld te veel buite rekening laat. Die beoefening van die teologie en die geloof in die konteks van 'n klooster kom glad nie daarin tot sy reg nie. Enkele faktore wat bewustelik of onbewustelik as oorkoepelende voorveronderstellings in die wêreldbeeld van die tyd waarin Beda geleef het funksioneer, het eweneens sy geskiedwerk beïnvloed. In die volgende paragraaf word die belangrikste hiervan in breë lyne geskets. Kennis daarvan is noodsaaklik om die aanwending, aard en funksie van die wonders in die *Historia* behoorlik te begryp en histories te plaas.

[16] Wallace-Hadrill 1988:xxvii-xxviii; xviii e.v.
[17] Wallace-Hadrill 1988:xix.
[18] Breisach 1983:96.
[19] Moorman 1986:31.
[20] 1976:13-14.
[21] Meinhold 1967:185-188; Gransden 1974:17 e.v.

## 4. (Kerk)historiese faktore wat die *Historia Ecclesiastica* beïnvloed het

Die *Historia Ecclesiastica* is in Noordhumbrië gedurende die eerste helfte van die agste eeu geskrywe. Kerkhistorici[22] is dit met mekaar eens dat Engeland (Brittanje) kerkhistories gedurende hierdie eeu 'n tyd van reorganisasie en konsolidasie belewe het. Daarin het die aartsbiskoppe van Kantelberg voorgegaan. 'n Tyd van aanpassing en oorgang, en missionêre onsekerheid was veral ná die Sinode van Whitby (669) verby. Die kerk as 'n instituut kon hom sterker in die samelewings van die eiland laat geld.[23] Die kerkgeskiedenis van Beda adem hierdie gees van konsolidasie en triomf van die Christelike geloof. Die geskiedwerk is ook gestempel deur sake wat onbewustelik daarop ingewerk het.

Die ineenstorting van die Wes-Romeinse en Christelike Ryk gedurende die vyfde eeu onder druk van die Germaanse stamme in Europa, het die Westerse Kerk met 'n nuwe situasie en uitdaging gekonfronteer. Maar, dit het ook 'n krisis gebring: die ingebeelde teokrasie vanuit die staat van Rome is vernietig. Die aanvaarde duiding van die geskiedenis deur God het in die gedrang gekom. Die geskiedenis en die tradisie moes teologies herinterpreteer word. Teen die agste eeu is hierdie "krisis" tot op 'n sekere hoogte kerkhistories verwerk:

> In their often fumbling way the Christian historians of the 500s and 600s had transformed historiography in the image of the Christian faith and into a form fitting the new world of kingdoms.[24]

Die Christelike Romeinse Ryk staan daarin nie meer sentraal as 'n teokratiese inbeelding nie. Die integrasie van Germane in die klassieke wêreld en die aanvaarding van nuwe state as die nuwe konteks waarin Christelike geloof beoefen moes word, word daarin verreken. In hierdie verband is Beda nie uit pas nie. Sy historiese en teologiese oriënteringspunt lê in die verlengde van hierdie Ryk, te wete die Kerk van Rome en sy Biskop. Hy verbind die kerkgeskiedenis van die Engelse volk aan die Kerk van Rome. Dit staan in die teken van 'n kerk wat as 'n minderheidsgroep uit 'n oorwegend heidense omgewing besig was om die samelewing te kersten en te katoliseer.

22 Moorman 1980:23 e.v.; Watson 1914:7 e.v.; Jelsma 1979:222 e.v.
23 Ward 1992:XI 41e.v.; XII 34 e.v.
24 Breisach 1983:97.





Afgesien van die herinterpretasie van die teokrasie, is daar egter nog 'n faktor wat nie in die vergeethoekie gelaat moet word nie. Vir baie lank het die selfs meer gekultiveerde Christene in Europa op die grens van twee wêrelde geleef, op die grens tussen Christendom en heidendom:

> Kwalijk voorbereid als zij waren op het volledig verstaan en aanvaarden van de fundamentele Christelijke leerstukken,

wys De Bruin daarop:

> vereiste het een langdurig proces van veelerlei aanpassing, voordat zij het Christendom volledig omhelsden. Dit ondervond vooral de missie gedurende de 6de, 7de en 8e eeuw, toen de zendelingen noch voor de taak stonden een groot Germaans heidendom te bekeren en ook de bekeerden moeite hadden zich Christus anders voor te stellen dan in de Heiland-gedaante van een nationale held.[25]

Dit is 'n vraag of aspekte van die heidense geloof, met name wondergeloof, nie in die Christelike samelewings en kerke geakkommodeer is nie. Is Beda hiervan gevrywaar?

In die lig van bogenoemde opmerkings moet die benadering en ekklesiologiese beslissings en verwantskap van die *Historia Ecclesiastica* beskou word. Ook in die beoordeling van die wonderwerke in hierdie kerkgeskiedenis, moet die vormgewing daarvan deurentyd in verband met hierdie agtergrond gesien word. Noudat iets gesê is oor Beda, sy geskiedwerk en die konteks waarin dit ontstaan het, kan die aandag na die wonders in die *Historia* verskuif.

## 5. Wonders: "feit" of fiksie?

In die *Historia Ecclesiastica* duik wonderwerke of wonderverhale dikwels op. Vir Beda is dit tewens 'n belangrike element van sy geskiedverhaal. Die wyse waarop hy die oorsprong daarvan kontroleer of die belang daarvan aksentueer, bevestig dat dit hier om 'n saak gaan wat hy nie lukraak of ornamenteel aanwend nie. Wat hom betref, is wonders of wonderwerke weergawe van feite en gebeure. Dit is trouens van sindraende betekenis, aangesien Beda dit telkens op 'n toepassing laat uitloop. Dit bevestig byvoorbeeld die historiese aard van die Christelike geloof en kerk en plaas die belydenis aangaande die eksistensiële teenwoordigheid en voortgaande ingryping van God in die werklikheid, in die historiese en nie in die bo-natuurlike of filosofiese arena nie.

25 Bakhuizen van den Brink 1965:16.

Hierteenoor het tyd ons geleer om wonderverhale en bo-natuurlike tekens met 'n knippie sout te neem. Miskien is dit die rede waarom Nigg[26] die *Historia Ecclesiastica* gewoon as "mythische Kirchengeschichtsschreibung" kenskets. In die literatuur oor hierdie Middeleeuse geskiedwerk word die *miraculi* daarin geïgnoreer, of, soos Ward[27] dit stel, "at best they are considered as primitive survivals of white magic or as a different kind of truth". Laasgenoemde keuse word gewoonlik in verband met die mistieke en mitiese wêreldbeskouing van die vroeë Middeleeue gebring. Daarin is wonders en tekens, sowel as bo-natuurlike gebeure en verskynsels diep ingegrafeer. Die beskrywing van wonderwerke "was part of the function of history to record what ordinary people believed".[28] "Their narrators are living in a world where the miraculous can at once be interwoven into accounts of happenings and accepted on the same terms".[29]

Is dit die enigste kategorieë waarin 'n mens ter wille van saaklike begrip die *miraculi* van Beda moet plaas? Gaan dit in die wonders van die *Historia Ecclesiastica* om 'n vergange en kontemporêre "different kind ot truth"? Of, moet 'n mens dit gewoon as versinsels afmaak? Is dit "feit" of fiksie? Of, sit daar iets meer daaragter? Hoe verstaan Beda sélf die wonders, en die betekenis daarvan? Hy gee nêrens – in 'n teologiese sin - 'n beoordeling of waardebepaling van wonders as sodanig in sy *Historia Ecclesiastica* nie. Tog haal hy een keer die refleksie van Pous Gregorius I oor hierdie aangeleentheid aan. Hierdie teologiese en ekklesiologiese plasing van wonderwerke bied aan die student 'n handige (en normatiewe) verwysingsraam om die wonderwerke van die *Historia Ecclesiastica* te begryp.

## 6. Pous Gregorius I oor wonderwerke

Oor die gesag en invloed van Gregorius I, ook in die werk en teologie van Beda, kan daar nie twyfel wees nie. As 'n heilsinstituut is die kerk en teologie immers aan die amp van die Pous en sy vertolking van die tradisie verbind.[30] Sy doelbewuste duiding van wonders is nie sonder voorbehoude nie en gee 'n beduidende

26 1934:40.
27 1992:IX 70.
28 Hunter Blair 1976:303.
29 Wallace-Hadrill 1988:xxvi.
30 Brown s.j.:2, 3 e.v.





insig in hoe hy, as die *caput fidei* ("hoof van die geloofsake")[31] oor die saak geoordeel het. Gregorius sit sy siening uiteen in 'n brief gedateer 1 Junie 601 aan Augustinus, die bekende biskop van Kantelberg. Hierdie brief word gedeeltelik deur Beda aangehaal. Dit handel eksplisiet oor die wonders *(super miraculis)*[32] wat in die optrede van hierdie eerste aartsbiskop van Engeland na vore gekom het. Trouens, wys Beda daarop, die grafsteen van Augustinus bevat die veelseggende inskripsie: *et a deo operatione miracolorum suffultus* ("deur God se wonderwerke ondersteun").[33]

In hierdie pastorale vermaning skrywe Gregorius wonderwerke allereers toe aan die almagtige God en sy wil. Hy is die Outeur en eerste Oorsaak daarvan. Hy bewerk dit egter in korrelasie met die verdienstelikheid van die persoon deur wie die wonder plaasvind. Hy weet, skrywe Gregorius aan Augustinus, *quia omnipotens Deus per dilectionem tuam in gentem, quam eligi voluit, magna miracula ostendit.*[34] In hierdie geval is die verdienste van sy (Augustinus) liefde die korrelaat van die (wonder)daad van die Almagtige God. Die menslike verdienste en gevolglike bemiddeling van wonders mag egter nie in die hand van selfverheffing speel nie: *Necesse est, ut de eodem dono caelesti et timendo gaudeas et gaudendo pertimescas* ("omdat dit van God kom moet hy hom oor hierdie hemelse gawe in vrees verheug en in vreugde vrees").[35] Hy moet hom verheug omdat die siele van die Engelse deur uiterlike wonders na die innerlike genade getrek is (*per exteriora miracula ad interiorem gratiam pertrahuntur).*[36] As wonderwerke dus 'n teologiese oorsaaklikheid het, het dit 'n soteriologiese uitkoms of resultaat.

Terselfdertyd moet hy daarvoor vrees dat sy eie gees hom nie onder die tekens wat gebeur verhef en uiterlike eer opeis nie (*pertimescas vero, ne inter signa, quae fiunt, infimus animus in sui praesumtione se elevet, et unde foras in honorem tollitur, inde per inanem gloriam intus cadat*).[37] Met verwysing na Lukas 10:17 en 20 moet Augustinus homself dus voortdurend ondersoek en waak teen die gevaar van geestelike hoogmoed. Hy het immers die gawe ontvang om won-

31 Praamsma 1979:184.
32 Spitzbart 1982:112.
33 Spitzbart 1982:144.
34 Spitzbart 1982:112.
35 Spitzbart 1982:112.
36 Spitzbart 1982:112.
37 Spitzbart 1982:112-114.

ders te doen vir die bekering van die volk (*pro cuius conversione etiam faciendorum signorum dona percepisti*).[38] Wonders is dus volgens Gregorius ingekapsel in God se heilshandelinge wat Hy deur menslike meewerking of bemiddeling na verdienste realiseer. Alle verkorenes verrig (*miracula faciunt*) nie wonders nie, maar hulle name is wel in die hemel opgeskrywe. In hierdie sin is die wonders dus gekwalifiseer en funksioneel ter wille van die realisering van die heil. Gregorius vermaan Augustinus om hom aan hierdie voorbehoude en omlyning te hou.

Beda kom nog 'n keer in sy geskiedwerk terug op die verband wonders – Gregorius. Anders as in die eerste geval, is dit nie weergawe van die standpunt van Gregorius nie. Dit is 'n terloopse verwysing[39] na die bekende Gregoriaanse geskrif *Dialogi de vita et miraculis patrum Italicorum*. Daarin het Gregorius die wondere wat hy in Italië ervaar of van gehoor het, bymekaargemaak. In baie gevalle ongekwalifiseerd, sodat hy tot op sekere hoogte met homself in teëspraak kom indien dit vergelyk word met vermaning aan Augustinus. Praamsma toon aan hoedat Gregorius daarin "een bijna ontstellende interesse in allerlei mirakelverhalen"[40] verraai. Hierdie interesse het hom die *pater superstitionis* gemaak.[41] In die *Dialogi* is hy dus baie minder gereserveerd oor wonderwerke. Klaarblyklik aanvaar Beda die inhoud daarvan klakkeloos. Hy vermeld gewoon dat Gregorius die *virtutes sanctorum ... ad exemplum vivendi posteris collegit*.[42] En, voeg Beda daaraan toe, die beskrywing van die wonders verklaar die glans van die deugde wat 'n mens in hierdie verband moet nastreef (*ita etiam descriptis sanctorum miraculis, quae virtutum earundum sit claritas, ostenderet*).[43] Daarmee word die menslike verdienste besonder beklemtoon. Om die punt te illustreer haal Beda Gregorius aan waar hy verklaar dat die heilige Augustinus en sy navolgers *non sola praedicatione verborum, sed etiam caelestium ostensione signorum gentum Anglorum ad agnitionem veritatis perducebant* ("nie net deur die prediking van die woord nie, maar ook deur die laat sien/aanwys van hemelse tekens die Engelse volk tot erkenning van die waarheid gelei het").[44] Die effek hiervan was vrede in die land, sowel as die aanvaarding van die katolieke geloof. In die twee-

38 Spitzbart 1982:114.
39 Spitzbart 1982:128 e.v.
40 Praamsma 1979:185.
41 Praamsma 1979:187.
42 Spitzbart 1982:130.
43 Spitzbart 1982:130.
44 Spitzbart 1982:132.





de geval ontbreek die kwalifisering en voorbehoude met betrekking tot wonderwerke. Dit maak die standpunt van Gregorius in verband met wonders ambivalent. Aan die een kant handhaaf hy 'n baie duidelike omlyning en voorbehoud. Aan die ander kant is hy minder voorskriftelik en illustreer trouens hierdie benadering in die wonderwerke wat hy in sy *Dialogi* opneem.

## 7. Beda se aanwending van wonderwerke

Die vraag is nou of Beda hom in die vertelling van wonders min of meer aan die struktuur en verbandlegging hou soos wat Gregorius dit in sy vermaning aan Augustinus gekwalifiseer het of stoot hy ook die deur wyer oop om soos in die *Dialogi* ruimte te maak vir 'n breër opvatting? 'n Derde vraag is of Beda wonders nie in 'n eie unieke teologies-ekklesiologiese verbandlegging operasionaliseer nie? Goeie illustrasiemateriaal oor die gebruik en beskouing van wonders deur Beda in sy *Historia Ecclesiastica* kom na vore in die verhaal van die marteldood van Albanus, die optrede van Germanus, biskop van Auxierre teen die *heresis Pelagiana* en die lewe en dood van Oswald, die *Christianissimus rex Nordhymborum*.

### 7.1 Wonderwerke in verband met Albanus

Aan die begin van die eerste boek van sy *Historia*, sluit Beda die verhaal van die martelaarskap van Albanus in.[45] Hierdie aangrypende en baie bekende verhaal handel oor Albanus, wat plaasvervangend die weg van lyding en dood vrywillig op hom neem ter wille van die Christelike geloof. Die foltering om die standvastigheid van sy hart te erodeer (*cordis eius emollire constantiam*),[46] stuit telkens, vertel Beda, teen sy konsekwente volharding. Deur Goddelike aanraking geroep, aanvaar Albanus martelaarskap tot in die dood.[47] Ten aanskoue van 'n groot skare, *divinitatis instinctu ad obsequium beatissimi confessoris ac martyris vocabatur* ("deur goddelike aanraking geroep om die allersaligste konfessor en martelaar te volg"),[48] het die een hemelse wonder na die ander die prosessie onder

45 Spitzbart 1982:38 e.v.
46 Spitzbart 1982:42.
47 Spitzbart 1982:42.
48 Spitzbart 1982:42.

leiding van die beul begelei. Vanweë die skare kon die plek van onthoofding ook nie bereik word nie. Hulle het die brug daarheen versper.

Albanus is toe droogvoets deur die rivier na 'n heuwel daar naby. Hierdie heuwel, lui die verhaal, is die plek wat deur God vir sy dramatiese dood voorberei is. Behalwe dat 'n wonderfontein op die heuwel ontspring, word die beulkneg boonop deur God aangeraak, met die gevolg dat hy weier om sy opdrag uit te voer en om eerder in die plek van Albanus te sterf. Die aangryping van die ervaring van die hemelse wonders was vir hom te veel. Uiteraard word ook hy daar en dan om die lewe gebring.

Beda voeg hier 'n belangrike opmerking by. Hierdie soldaat sterf sonder dat hy gedoop is. Hy is egter, sê Beda, "deur die bad van die bloed gereinig om daardeur die binnetrede van die hemelse ryk waardig te word" (*sui tamen est sanguinis lauacromudatus, ac regni caelestis dignus factus ingresso).*[49] Die sakrament van die doop is nie net heilsbemiddelend opgevat nie. Die doop het ook die heil gebring of bewerk, daarom is die siening dat die doop heilsnoodsaaklik is, gekoester. Hierdie opvatting word ekklesiologies gerugsteun deur die kerk as 'n heilsinstituut te begryp en te handhaaf. Dieselfde gedagte word hier deur Beda oorgedra op die verdienstelikheid van die marteldood.

Die direkte gevolg of effek van die wonders rondom die dood van Albanus was dat die vervolging van die Christene beëindig is. Daarmee kon die Christelike kerk 'n tyd van vestiging en uitbreiding tegemoet tree. Die plek waar hy gesterf het, is tot op die huidige dag bekend daarvoor dat siekes daar wondergenesings ervaar. Beda bring al bogenoemde wondergebeure in verband met die ingrype en wil van God. Maar, dit is die verhaal van menslike verdienstelikheid, ondersteun deur wonders.

## 7.2 Wonderwerke aangaande biskop Germanus

Die tweede reeks wonderwerke staan in verband met die optrede van die Galliese biskop Germanus.[50] Uitvoerig beskrywe Beda hoedat Germanus, biskop van Auxierre, en Lupus, biskop van Troyes, na Brittanje geroep is om die *Pelagianorum tempestatem divina virtute sedaverit* ("om die Pelagiane met Goddelike krag te stil").[51] Hierdie *apostolici sacerdotes*, so vertel Beda, het net soos die apostels

[49] Spitzbart 1982:44.
[50] Spitzbart 1982:62 e.v.
[51] Spitzbart 1982:64.





"roem en aansien deur oortuiging, geleerdheid deur boeke en wonderkragte deur verdienste verwerf" (*Erat illis apostolorum instar et gloria et auctoritas per conscientiam, doctrina per litteras, virtutes ex meritis).*[52] Gevolglik het wonderwerke nie uitgebly nie.

In die oorvaart na Brittanje moes hulle reeds teen "vyandelike demone" wat in 'n storm manifesteer het, kragte meet. Biskop Germanus was die instrument om die skip deur gebed en nie deur krag nie, te bewaar. Hy het die elemente tegemoet getree (*elementis furentibus oponendum)*[53] en Christus aangeroep *Adsumto in nomine sanctae Trinitatis levi aqua spargine fluctus saevientes obprimit* ("deur middel van 'n ligte besprenkeling in die Naam van die Drie-Enige God het die watervloed bedaar").[54] In Germanus se optrede teen die storm herinner die besprenkeling in die Naam van die Drie-Enige God aan die bediening van die sakrament van die doop. Soos met die onthoofding van die beulkneg duik hier weer sakramentele taal op. Die verbandlegging is egter anders. Dit slaan nie op die verdienstelikheid van 'n menslike daad nie, maar die sakramentele handeling betrek dit by 'n wonder. Hoe moet 'n mens dit verstaan? En, welke afleidings moet uit die verband tussen die wonder en die sakramentele handeling gemaak word? Hierbenewens is dit 'n vraag of Germanus só optree omdat hy as 'n biskop gewy is?

Op hierdie punt moet die argument onderbreek word deur te let op dieselfde verbandlegging tussen wonders en die sakramente elders in die *Historia Ecclesiastica.* Die wonderwerke wat Beda in verband met Johannes, die biskop van Hexham, aan die einde van sy boek opneem, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Uiteraard word die aksente wat in Gregorius se pastorale vermaning en die verhale van Albanus en Germanus gelê is (die Goddelike oorsprong, menslike verdienstelikheid, effektiewe heilsbemiddelling),[55] ook hier aangetref. Die sakramentele taalgebruik kom na vore in die genesing van die eggenote van Puch deur biskop Johannes. Vir die tot die dood toe siek vrou van Puch, stuur Johannes *aqua benedicta* ("gewyde water") om haar in te was. Toe sy haar hiermee was, het sy dadelik gesond geword.[56] Vir sy getroue volgeling Addi, wat ewen-eens ernstig siek was, gee die biskop 'n kelk wyn, wat hy geseën het, om te

[52] Spitzbart 1982:64.
[53] Spitzbart 1982:62.
[54] Spitzbart 1982:64.
[55] Spitzbart 1982:444.
[56] Spitzbart 1982:440.

drink. Daarmee ontvang Addi weer sy gesondheid terug.[57] In beide gevalle is die sinspeling op die sakramente van die doop en die mis baie duidelik.

Nog 'n verhaal wat hierdie verbandlegging impliseer handel oor die priester Tunna, wat ook ab was van die klooster by Bamburgh. In hierdie verhaal, bewerk die sakrament van die heilige mis telkens 'n wonder[58] aan die persoon wat in die heilshandelinge van die mis betrek word. Die verhaal het 'n boeiende verloop. Daarvolgens beland Imma, die broer van Tunna, tydens die slag tussen Ecgfrith en Aehtelred, koning van die Merciërs in 679, in die hande van die vyand. Daar is algemeen aanvaar dat hy in die slag omgekom het. Telkens wanneer sy broer vir die "oorlede" Imma "die mis tot verlossing van sy siel aanbied", het die kettings waarmee hy geboei is, afgeval. As gevolg hiervan het hy uiteindelik weer by sy mense geland. Sy broer se voorspraak en die "offer van die heilbrengende hostie" het met wonderwerke aan hom sy vryheid weer geskenk.[59] Beda wys daarop *quia sacrificium salutare ad redemtionem valeret et animae et corporis sempiternam* ("almal sien dat die heilsoffer die ewige verlossing van die siel en liggaam bewerk").[60] Baie, gaan hy voort, is hierdeur geïnspireer om die offermis vir diegene te bring wat al dood is. Die wonder bevestig dus nie net die waarde van die sakrament nie, maar lê ook 'n verband met die sakrament.

Hiermee word 'n mens gekonfronteer met die vraag of die wonders nie ten minste ook teen die agtergrond van die sakramentsteologie van die "Middeleeue" verstaan moet word nie? Uiteraard word dit dan teologies gesproke in geheel en al 'n ander kategorie geplaas met implikasies wat die wonders uitlig bokant 'n rasionalisering daarvan as fiksie. Vir die oomblik moet die draad eers weer opgetel word in verband met Germanus en die verdere wonders wat in Brittanje deur hom plaasgevind het.

Germanus en Lupus is in die eerste plek na Brittanje ontbied om die dwaalleer van die Pelagiane te weerlê. Hulle geslaagde optrede ter wille van die suiwer leer word geïllustreer by die groot byeenkoms waarin die volk opgeroep is om regter te wees tussen die twee partye waarin met blote woorde (*sola nuditate verborum*)[61] die uitslag bepaal moes word. Die "apostoliese biskoppe" behaal in hierdie gesprek die oorwinning. Dit word ondersteun deur 'n wonder ten aanskoue van almal. Die tienjarige blinde dogter van 'n tribuun kon nie op die gebede van die Pelagiane haar gesig terug ontvang nie. Die teenoorgestelde gebeur op die gebed van Germanus. Hy neem die *capsulam cum sanctorum reliquiis*[62] en met die plaas daarvan op die oë van die meisie word sy van die duisternis bevry. 'n Ontelbare menigte kom op daardie dag tot bekering. Daarmee is die valse leer uit die harte geban.

Hierbenewens het Germanus tydens sy verblyf baie mense na siel en liggaam laat gesond word. Beda vertel egter nie alles wat Christus deur hom gedoen het nie (*Referri nequeunt, quae Christus operabatur in famulo, qui virtutes faciebat infirmus*).[63] Hy lê die klem op dit wat telkens by die plaasvind van wonders aan die dag tree, naamlik die meriete wat aan die wonder korreleer. Die standvastigheid van Germanus se geloof word in hierdie geval belig en met 'n wonder bevestig. Self bedlêend, vanweë 'n besering, het hy hom nie deur die skare in die bedreiging van 'n vuurdood laat wegdra nie. Deur 'n wonder en sy gebed word die vlamme geblus en hy bewaar.[64] Een nag het 'n gestalte met wit klere hom opgehef sodat hy self ook wonderbaarlik herstel het. Terloops, Beda maak van 'n hele aantal biskoppe gewag wie se verdienste deur wonders bevestig word.[65] Dit onderstreep die hoë prioriteit wat Beda aan hierdie saak toeken.

Die wonders in verband met die biskop Germanus (en sy ampsgenote) kom ooreen met die beredenering en aanwending daarvan deur Gregorius en die ervaring daarvan deur die martelaar Albanus. Die verwysing na die Goddelike oorsaaklikheid, menslike meriete, die inkorporering van relikwieë en die effek daarvan deur bemiddelling staan ondubbelsinnig in die verhale aangeteken. Opvallend is die verdiskontering van wonders waarin die sakramentele teologie bygehaal word, of waarin daar sterk hieraan herinner word.

Die wonders in verband met koning Oswald moet egter eers oorweeg word. Daarmee word die trilogie martelaar-biskop-koning voltooi. Daarmee is hopelik 'n verteenwoordigende uitsig op die wonders in die *Historia Ecclesiastica* gebied.

---

57 Spitzbart 1982:442.
58 Spitzbart 1982:384 e.v.
59 Spitzbart 1982:386.
60 Spitzbart 1982:386.
61 Spitzbart 1982:64.
62 Spitzbart 1982:66.
63 Spitzbart 1982:66.
64 Spitzbart 1982:68.
65 Augustinus: Spitzbart 1982:136 e.v.; Miletus: Spitzbart 1982:156; Aidan: Spitzbart 1982: 248; Chad: Spitzbart 1982:332; Eorcenwold: Spitzbart 1982:340; Cuthberth en Eadberth: Spitzbart 1982:424.

## 7.3 Wonders in verband met koning Oswald

Hierdie paragraaf konsentreer op die wonderwerke wat in die lewe en dood van Oswald, die *christianissimus rex Nordanhymborum,*[66] soos Beda hom noem, aan die dag tree. Oswald is dood in die slag van Oswestry in 642, toe hy onthoof en aan pale opgehang is. Die wonders waarin hy betrek is, word nie deur Beda in 'n sakramentele sin beskrywe nie. Die klem val hier duideliker op die aanwending van relikwieë, terwyl die verdienste van hierdie Christenkoning steeds van deurslaggewende belang is.

Waarin lê die verdienste van Oswald? Hy het voor die slag van Denisesburn die *signum sanctae crucis erexit* ("teken van die heilige kruis opgerig")[67] en hier, by die houtkruis, ten aanskoue van sy leër, God gebid om "hulle met hemelse hulp by te staan". Die oorwinning is ooreenkomstig hulle verdienste behaal (*iuxta meritum suae fidei victoria potit sunt).*[68] Op die gebedsplek, vertel Beda, vind baie wondergenesings as tekens van en herinnering aan die geloof van die koning plaas (*ad indicium videlicet ac memoriam fidei regis).*[69] Splinters van die *sacrosanctae crucis* het genesingskrag, en word inderdaad as gesogte relikwieë beskou. Selfs die besprenkeling met die water waarin dit gegooi word (dit herinner aan die bediening van die doop) bring genesing.

Volgens Beda vind genesings vir mens en dier tot in sy eie dag plaas op die plek waar Oswald in die slag van Oswestry die lewe gelaat het. Daarvan is die verhaal van 'n siek perd wat gesond word sowel as die genesing van 'n herbergier se verlamde dogter die bewys.[70] Nog 'n wonder kom na vore in verband met 'n man uit "die volk van die Britte" wat in 'n sakkie 'n bietjie van hierdie grond saamgeneem het.[71] By die herberg gekom, hang hy dit aan 'n balk teen die dak. Toe die herberg per ongeluk daardie nag afbrand, het net die balk met die sakkie grond ten aanskoue van almal oorgebly.

Hoe groot Oswald se geloof en sy *devotio* aan God was, kom ook na sy dood in verskeie wonderdade aan die lig (*etiam post mortem virtutum miraculis claruit).*[72] Toe die pes groot dele van Ierland en Brittanje verwoes het – voeg Beda nog 'n verhaal daaraan toe – het 'n geleerde wat in doodstryd in Ierland gekom het, by 'n priester wat in besit was van 'n relikwie van Oswald om hulp gepleit. Daarop het die priester 'n stukkie hout van die paal waaraan Oswald se kop na sy dood opgehang is, in water geplaas en dit geseën. Die sieke het homself daarin gewas en gesond geword. Maar, hy moes vas daarin glo. Dan sou die "Goddelike goedheid deur die verdienste van so 'n groot man" (Oswald) dadelik 'n langer lewensduur verseker, sowel as die toetrede tot die ewige lewe moontlik maak (*potest divina pietas per tanti meritum viri et huius vitae spatia longiora concedere et ingressu te vitae perennis dignum reddere).*[73]

Die wonders in verband met Oswald is geskoei op die lees wat Gregorius daarvoor neergelê het. Gevolglik kom dit ooreen met die wonders van Albanus en Germanus. Beda vermeld in sy *Historia Ecclesiastica* vele ander en dergelyke wonders. Sommige hiervan staan uit en uit in die teken van die *Dialogi* van Gregorius. Die heilseffek en -funksie ontbreek, so ook die gebruik van relikwieë. Die behandeling van die wonders by Albanus, Germanus en Oswald, en die vergelyk daarvan met die duiding van Gregorius I, bied tog 'n dekkende oorsig oor die gebruik van wonders in die *Historia Ecclesiastica* van Beda. In die laaste paragraaf word die vraag hoe hierdie wonders begryp moet word, aangespreek. Uit alles wat tot dusver gesê is, is dit hopelik duidelik dat dit met teologiese begrip en onderskeiding gedoen moet word.

## 8. Samevatting: "feit," fiksie of teologie?

Is die wonderwerke by Beda fiksie, "feit" ('n ander vorm van waarheid) of word dit allereers deur 'n teologiese oortuiging gedra? Is dit meer as 'n

> irrefutable evidence of something very special: God's power to overide the normal course of nature for a particular purpose?[74]

By Beda word die wonders nie as fenomene dekoratief ten opsigte van die buitengewone aangewend nie. Dit het nie 'n sensasionele waarde vir die aanduiding van 'n bo-natuurlike ingreep deur God nie. Die feit dat Beda, soos Gregorius I, in die beskrywing van die wonders verdienste (wat hier 'n teologiese inhoud het) en relikwieë in die bemiddeling en effektuering van die heil betrek en in sakramentele taal daarna verwys, dui daarop dat die wonders 'n diepe teologiese agtergrond

66 Spitzbart 1982:232.
67 Spitzbart 1982:210.
68 Spitzbart 1982:210.
69 Spitzbart 1982:210.
70 Spitzbart 1982:232 e.v.; 236.
71 Spitzbart 1982:234.
72 Spitzbart 1982:232.
73 Spitzbart 1982:244.
74 Wallace-Hadrill 1988:xxvii.

veronderstel wat ten minste oorweging verdien. Dit beteken dat die wonders en die werking daarvan binne die kader van die ontwikkeling van die sakramentsopvatting van die Rooms-Katolieke Kerk gesien moet word. Die hart van die Rooms-Katolieke interpretasie klop in die sakramentsteologie. Dit is my oortuiging dat die sakramentsbeskouing van die Westerse Kerk gedurende die Middeleeue in die kloosters ontwikkel is.

Deur die wonders met die sakramentsteologie in verband te bring, word teologiese lyne blootgelê wat die verstaan daarvan diepgaande beïnvloed. Dit is skielik duidelik dat Beda met teologiese oortuigings werk wat herlei kan word na 'n semi-Pelagiaanse posisie en die aandrang om die evangelie in die konteks teologies en histories aan te pas.

By Beda is die wonders en die verwondering daaroor omgebuig tot 'n teologie van wonderwerke. Omdat hy die Skriftuurlike kontrole tersyde stel, kom dit na vore in soveel afleidings en aannames wat vanuit die ervaring van die klooster ingedink is. Wonders is nie meer deur en deur handelinge van Christus nie. Dit kom in diens van 'n teologiese oortuiging.

In die Christelike kerk word oor al die eeue heen saamgeleef met wonders. Vir die Protestant staan dit in 'n Skriftuurlike verband. Daarvolgens begin die Here God daarmee én gaan Hy daarmee deur. Dan word 'n mens nie deur die wonder aangegryp nie, maar deur dié Een wat die wonder werk.





## Bibliografie


BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. & LINDEBOOM, J. (red.)
1965. *Handboek der kerkgeschiedenis II*. Den Haag: Bert Bakker, Daamen N.V.

BREISACH, E.
1983. *Historiography. Ancient, medieval and modern*. Chicago: The University of Chigaco Press.

BROWN, E.
S.j. Die Middeleeue en teologie. (Ongepubliseerde manuskrip in die outeur se besit).

DAVIDSE, J.
1976. *Beda Venerablis' interpretatie van de historische werkelijkheid*. Groningen: VRB Drukkerij B.V.

DOUGLAS, J.D. (eds.)
1974. *The New international dictionary of the Christian Church*. Exeter: The Paternoster Press.

GRANSDEN, A.
1974. *Historical writing in England c. 550 to 1307*. London: Routledge & Kegan Paul.

GROSHEIDE, F.W. & VAN ITTERZON, G.P. (red.)
1956. *Christelijke encyclopedie*. Kampen: J.H. Kok N.V.

HUNTER BLAIR, P.
1970. *The world of Bede*. London

JELSMA, A.J. (red.)
1979. *Handboek van de geschiedenis van het Christendom*. Den Haag: J.N. Voorhoeve.

MEINHOLD, P.
1967. *Geschichte der Kirchlichen Historiographie*. München: Verlag Karl Alber Freiburg.

MOORMAN, J.R.H.
1986. *A History of the Church in England*. London: A & C Black.

NIGG, W.
1934. *Die Kirchengeschichtsschreibung. Grundzüge ihrer historischen Entwicklung*. München: C.H. Beck-sche Verlagsbuchhandlung.

PRAAMSMA, L.
1979. *De Kerk van alle tijden. Verkenningen in het landschap van de kerkgeschiedenis deel I*. Franeker: Uitgeverij T. Wever B.V.

SPITZBART, G.
1982. *Beda der Ehrwürdige Kirchengeschichte des Englischen Volkes* (2 Vols.). Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

WALLACE-HADRILL, J.M.
1988. *Bede's Ecclesiastical History of the English People. A historical commentary*. Oxford: Clarendon Press.

WARD, B.
1992. *Signs and wonders. Saints, miracles and prayers from the 4th century to the 14th*. Hampshire: Variorum.

WATSON, E.D.
1914. *The Church of England 596-1900*. London: Thornton Butterworth Ltd.